PARKSIG
Eiendomsagentskap
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan
EDDIE DE BEER
Diamantslyper
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII WOENSDAG 15 AUGUSTUS 1962 NR. 8

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# EENHEIDSOPTREDE VAN AFRIKANERSTUDENT

**Die vernaamste kenmerk van die veertiende bondskongres van die A.S.B. wat van 2 tot 6 Julie in Stellenbosch gehou is, was die duidelike openbaring van eenheidsoptrede en eenheidsgevoel onder Afrikaanse studente ten opsigte van sake wat die Afrikaner se voortbestaan raak.**

Die A.S.B. snoer vandag sy 23,000 lede saam tot 'n baie hegte eenheid. Belangrike besluite in dringende bespreking en ewewigtige besinning het die kongres gekenmerk.

Een van die vernaamste verwikkelinge was die stigting van 'n departement Opvoeding. Die doel is om ooreenkomstig die doelstelling van die Bond aandag te skenk die opvoedingstaak van die Afrikaanse studente. Jaarliks sal daar op die kongres 'n konferensie plaasvind waarby verskillende takke aan die hand van 'n sentrale tema oor opvoeding sal konfereer.

Die eerste direkteur van hierdie departement, mnr. A. Pienaar van die P.O.K., sal inligting inwin oor beurse binne- en buitlands vir studie in die opvoedkunde aangebied. Ook sal getrag word om meer van hierdie beurse beskikbaar gestel te kry.

### LANDSDIENS

Die ou departement Landsdiens is as afsonderlike departement geskrap.

Die kongres het na aanleiding van 'n verslag deur die direkteur vir Rasse-aangeleenthede die toekenning van selfbestuur aan die Transkei, asook die verskaffing van drank aan nie-blankes, in die vorm van mosies goedgekeur.

Een van die besluite het gelui dat, waar selfwerksaamheid die vermindering van Bantoewerkers tot gevolg het, dit die taak van die direkteur vir Rasse-aangeleenthede is om ondersoek in te stel na moontlike salarisverhoging vir die oorblywende Bantoewerkers.

Die kongres het in die verband besluit dat daarteen gewaak moet word dat ontslane werkers weer in hul onmiddellike omgewing in diens geneem word. Hulle moet ingespan word om hul eie gebiede op te bou.

Aan die nuwe direkteur vir Studie en Navorsing is opgedra om die hele aangeleentheid van ongewenste leesstof te ondersoek.

Die publikasie van 'n sangbundel wat net egte Afrikaanse liedjies sal bevat, is ook deur die kongres bespreek. 'n Wedstryd vir liedjies wat deur studente gekomponeer is, word in die vooruitsig gestel. Dit sal ook help as die S.A.U.K. meer Afrikaanse studenteliedjies uitsaai — veral in die program „Studentevaria", was die mening op die kongres.

Mnr. P. de Beer, die vorige direkteur vir Kulturele Aangeleenthede, het sekere aanbevelings oor Suid-Afrika se volksfeeste gedoen. Die dae toe die jeug in 'n saal moes sit om na toesprake te luister is verby. Jukskei, boeresport, volkspele en gesamentlike sang moet meer op die volksfeeste beoefen word.

### UNIVERSITEIT

Die kongres het ook besluit dat die hoofbestuur die behoefte aan nog 'n Afrikaanse universiteit — veral in die omgewing van die Rand — en die moontlikheid vir oprigting daarvan, sal ondersoek.

Altesaam vyf takke het referate oor die sentrale tema, „Die kultuursituasie van ons tyd", gelewer. Hier benewens het proff. P. J. Coertze van Pretoria en H. B. Thom van Stellenbosch as gassprekers opgetree.

Die kongres het aan die hoofbestuur opdrag gegee om 'n persoonlike onderhoud met die Minister van Finansies aan te vra met die oog op 'n belastingkorting vir werkende studente.

Die nodige statistieke en ander gegewens sal aan die Minister voorgelê word.

Vertoë is reeds sedert 1928 gerig en die saak is sedertdien op elke A.S.B. kongres bespreek. Dit is egter die eerste keer dat aanbevelinge in die verband gedoen is.

Mnr. J. T. de Wet, sekretaris van die hoofbestuur, het die aanbeveling aan die kongres voorgelê. Mnr. A. D. Niemand het 'n verslag van 'n komitee van die raad van buitemuurse studente aan die Pretoriase Universiteit voorgelees. Die komitee het die saak ondersoek.

Daarin word o.a. gesê dat die werkende student voel dat hulle afslag op inkomstebelasting moet kry.

# KULTURELE BENADERING IN WEERMAG

**Op 'n program vergadering van die plaaslike A.S.B.-tak het kolonel D. S. Pretorius, S.M., bevelvoerder van die Regiment Wes-Transvaal, voor die lede opgetree oor die onderwerp „Die Kulturele benadering in die Suid-Afrikaanse Weermag en die voortsetting daarvan as 'n etiese bron in die nuwe bedeling."**

Kol. Pretorius het dit beklemtoon dat daar groter belangstelling in die Weermag nodig is, ook van die kant van die intelligentia van ons land. Ook in die Weermag is die uitdra van ons Christelike beginsels 'n absolute noodsaaklikheid.

Kol. Pretorius is aan die gehoor voorgestel deur maj. Wim Voordewind. Mnr. Idyll van der Walt het die spreker bedank.



Kol. D. S. Pretorius, S.M.
*Foto*: Potch. Herald.

Op die vergadering het mnr. Dirk Herbst die kongresgangers bedank vir hulle goeie gedrag en leidende aandeel in die kongresen kunsfees aangeleenthede.

### VERSLAG

Mnr. Paul Kruger, leier van die P.U.-afvaardiging na die kongres het verslag gedoen aan die lede oor die optrede van die afvaardiging. Dat die P.U. weer eens diep spore op die kongres getrap het, blyk uit die feit dat mnr. Dirk Herbst verkies is tot president en mnr. Paul Kruger tot lid van die Hoofbestuur van die A.S.B.

# *Dirk Herbst President*

**Mnr. D. A. S. Herbst, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak, is verkies tot President van die Afrikaanse Studentebond. Hiermee het mnr. Herbst die hoogste onderskeiding op interuniversitêre gebied behaal.**



Mnr. D. A. S. Herbst
*Foto*: Fotokuns.

Dirk Herbst se loopbaan in die A.S.B. het begin toe hy in 1961 vir ses maande as sekretaris van die Hoofbestuur gekoöpteer is nadat mnr. Idyll van der Walt hierdie pos bedank het. Op die daaropvolgende kongres is mnr. Herbst verkies as Direkteur van Rasseaangeleenthede.

Vanjaar het hy die boonste sport bereik.

Onder die leiding van mnr. Herbst kan die A.S.B. tot groot hoogtes styg. Sy idealisme en ywer kan hierdie Bond slegs ten goede kom.

### TREE UIT

Terselfdertyd verloor die Puk die dienste van mnr. Herbst in die plaaslike studentelewe. In 'n onderhoud het hy verklaar dat hy beslis al sy aandag sal wy aan die interuniversitêre studentefront.

Die belange van die Puk in hierdie kringe is veilig in sy hande en al het die plaaslike studentelewe nie meer sy aktiewe deelname nie, sal sy belangstelling nie verflou nie en kan veral die plaaslike A.S.B. verseker wees van sy intensiewe belangstelling.

DIE WAPAD wens sy voormalige hoofredakteur van harte geluk!

KOOP U
FILMS EN KAMERABENODIGDHEDE
vir
INTERVARSITY
by
FOTOKUNS
Tomstraat 82 – Telefoon 3185
sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt

# Besoek aan Zoeloeland

**Skakeling met Afrikaanse universiteite is 'n dringende behoefte by studente van die Universiteitskollege van Zoeloeland. In die uitvoering hiervan word hulle grootliks gestrem deur finansiële onvermoë, het mnr. Idyll van der Walt in 'n onderhoud verklaar.**

Mnr. Van der Walt was die leier van 'n afvaardiging wat 'n welwillendheidsbesoek aan die Universiteitskollege van Zoeloeland gebring het. Die ander lede van die afvaardiging was mnre. P. A. Venter, F. R. P. de Bruyn, R. J. P. du Plessis en mejj. Hermien le Roux en Engela Venter.



Mnr. P. A. Venter.
*Foto*: Fotokuns.

Vrydagaand 3 Augustus 1962, het die afvaardiging 'n monstervergadering toegespreek oor ontgroening, wat 'n lewendige bespreking uitgelok het. Die spitsvondigheid en gevatheid van die Bantoestudente het die aand gesellig en aangenaam laat verloop en die afvaardiging dadelik op hulle gemak laat voel. Uit die bespreking het dit geblyk dat hulle die opvoedkundige waarde van ontgroening insien, maar die vermaaklikheidswaarde wat dit vir die senior studente inhou, afkeur.

### STUDENTERAAD

Die Saterdag het die afvaardiging hulle Studenteraad ontmoet en sake van organisatoriese belang is onderling bespreek. Dit het geblyk dat hoewel hulle getalle klein is, nl. 'n totaal van 94 studente, daar 'n goed georganiseerde studentelewe bestaan wat goeie belofte inhou vir die toekoms.

Die finansiële stremming kan toegeskryf word aan die klein studentetal. Die Bantoestudent is die Afrikaanse student goedgesind en dit lê op die weg van Afrikaanse Universiteite om gereeld met hierdie mense te skakel om sodoende noue kontak te bewerkstellig en te behou. Die Bantoe is bereid dat 'n goeie verstandhouding daargestel word, maar die inisiatief moet van die blanke uitgaan.



Mnr. Jan Boneschans.
*Foto*: Fotokuns.

## Ondervoorsitter verkies

Mnr. Jan Boneschans, 'n veteraan in die studentelewe van die Puk is verkies as hulpdirigent vir die Intervarsity vanjaar. Mnr. Boneschans is miskien meer bekend as iemand wat in hoër kulturele kringe beweeg, maar het terdeë bewys dat sy humorsin en natuurlike grappigheid ver bo die gemiddelde is.

Van die kant van DIE WAPAD ons hartlike gelukwense.

## Oud-Puk aangestel

'n Vakature wat ontstaan het in die drama-afdeling van die Departement Engels na die vertrek van Dr. Andrews na Australië, is gevul deur 'n oud-Puk, dr. J. A. Venter. Dr. Venter het alreeds diens aanvaar. Hy is afkomstig van Pretoria waar hy vise-rektor van die Normaalkollege, Pretoria, was.

# THALIA SUKSESVOL

**Elke toergeselskap beskou altyd die aand wanneer hulle ná die toer op die Puk optree, as die groot aand. Dan wil elke speler sy beste lewer.**

Vrydagaand 3 Augustus het die Thalia-toneelvereniging hulle toerstuk suksesvol op die Puk opgevoer.

Dit was duidelik dat die toneelstuk heelwat veranderinge gedurende die toer ondergaan het. Die konstabel se oë het bv. nie meer begin spring as hy 'n „corpus dilecti" sien nie, maar sy been het begin spring. Hoewel sommige van die veranderinge geneig het na die melodramatiese, het dit meegehelp om die gehoor lekker te laat lag.

Iemand wat beslis gedurende die toer baie verbeter het, is Lydia Strydom. Hoewel sy somtyds 'n bietjie te jonk was vir haar jare, het haar sit-, staan- en loopbewegings baie duidelik die karakter van die dominerende weduwee aan die gehoor oorgedra. Johan Pepler se uiterste onnoselheid moet ook nie vergeet word nie.

As toerstuk is „Die vonkel in haar oë 'n baie goeie keuse aangesien dit 'n voorgeskrewe drama vir matriek is. Die stuk self is egter teen die einde se kant te lank en verflou die belangstelling van die gehoor dus heeltemal.



Lydia Strydom.
*Foto*: Fotokuns.

Dit is verblydend om te sien dat Thalia van ordentlike agtergrond décor gebruik gemaak het, en dat die ligte gebruik is om 'n sonsopkoms uit te beeld.

Die meubels in die vertrek het egter terleurgestel. Het beter meubels en die korrekte bykomstighede sou hulle 'n baie beter atmosfeer geskep het.

Thalia se toerwins oortref die van alle toergeselskappe in die verlede. Ons wens Thalia geluk met die prestasie en sê: „Lekker toer die naweke wat voorlê".

## Krans op graf van wyle Dr. D. F. Malan gelê

Die ou hoofbestuur en kongresgangers van die A.S.B. het op Stellenbosch 'n krans gelê op die graf van wyle Dr. D. F. Malan.

Die uittredende president, mnr. Van der Merwe, het 'n gebed gedoen en die krans gelê.

## Prof. Krüger na V.S.A.

Prof. D. W. Krüger, hoof van die Departement Geskiedenis, het 'n toekenning van R7,500 van die P.U. vir C.H.O. ontvang. Hiermee word prof. Krüger in staat gestel om vir ongeveer 'n jaar aan die Universiteit van Pittsburg navorsing te doen. Tydens sy verblyf aldaar sal hy die geleentheid gebied word om sekere lesings vir die Departement Opvoedkunde te lewer.

### MNR. SCHUTTE OORSEE

Mnr. C. J. H. Schutte, organiseerder van die Universiteit, onderneem tans 'n studiereis oorsee met die oog op die bestudering van administratiewe funksionering aan universiteite in Europa en die V.S.A.

# Pukke vaar goed op Kunsfees

**Die Pukke wat op die Kunsfees van die Afrikaanse Studentebond op Stellendbosch opgetree het, het deurgaans besonder goed gevaar.**

In drie items het Pukdeelnemers in hulle onderskeie afdelings eerste plekke verower.

Barbara Geertsema het al die ander damesredenaars uitgestof terwyl sy 'n tweede plek in die gesamentlike afdeling vir mans en dames behaal het.

In die onder twintig afdeling vir damesvoordrag, het Kristie Jordaan 'n eerste plek verower, terwyl sy in die gesamentlike afdeling tweede geplaas is.

Elmarie Maree en Rossie Kruger het in die klavierduet 'n eerste plek behaal.

Ander Pukke wat plekke verower het:

Lenie Mulder (Klaviersolo, 'n tweede en derde plek).

Elmarie van der Walt en Katy Lessing (Derde plek in klavierduet)

Rina Rhaman (Derde plek in solosang)

Rina Rhaman en Hermine le Roux (Derde plek in sangduet)

Kristie Jordaan (Tweede plek in prosa dames onder twintig).

Gerard Labuschagne (Tweede plekke in voordrag mans onder twintig)

Annatjie Venter (Tweede plek in orrelsolo).

Thalia se toneelgroep het 'n vierde plek behaal. Ten spyte van die feit dat die Pukgroep slegs twee weke voor die Kunsfees begin repeteer het, het die drie deelnemers, Kristie Jordaan, Marianne Viljoen en Cassie Venter hulle rolle met oortuiging en inlewing vertolk.

Die vernaamste kritiek wat teen hulle gelewer is, is eintlik gemik teen die keuse van die stuk: „Ontvlugting" van W. A. de Klerk. Dit het voorgekom asof die beoordelaars nie die sin en betekenis van die decor, musiek en beligting waarvan die groep gebruik gemaak het, waardeer het nie.



Mej. Barbara Geertsema.
*Foto*: Fotokuns.

Die groep het hoë lof ingepalm van persone wat die opvoering gesien het en dit spreek boekdele vir die bekwame regie van Mej. Trudie Gey van Pittius.

Die Volkspelegroep het 'n derde plek verower en onder die leiding van Teertse Vorster en Hermine le Roux besonder goed vertoon.

Benewens die kompetisie het die groep ook aan die Volkspeleleierskursus deelgeneem en 'n diploma van die Nasionale Raad vir Volkspele, Sang en Musiek verwerf.

Ludwig Rhöder het met sy inskrywing in die afdeling kleurskyfies 'n derde plek behaal.

Die uitslae van die letterkundige inskrywings — wat beoordeel word deur W. A. de Klerk en Alba Bouwer- is nog nie bekend nie.

In aanmerking geneem dat die beste skaakspelers van die P.U.-klub die kongres nie bygewoon het nie, het die Pukke oor die algemeen goed gevaar.

In die spankompetisie het die Pukspan, bestaande uit 4 lele, in rangorde teen die viertalle van Stellenbosch, Pote, Pretoria Normaalkollege en U.O.V.S. te staan gekom en derde geëindig.

'n Paar het ook aan die individuele kompetisie deelgeneem, maar geen plekke is daar behaal nie.

## Nuwe Moeders vir kompleks

Nadat die Heimat-kompleks met leedwese moes afskeid neem van sy twee matrones, mevv. Kruger en Fourie, is die nuwe matrones, mevv. du Buisson en Rykaardt, met vreugde verwelkom. Mev. du Buisson is die eggenote van wyle dr. M. S. du Buisson, in lewe sekretaris van die Akademie vir Wetenskap en Kuns.

In 'n verwelkomingswoord het mnr. C. P. van der Walt, huisvader van die manskoshuise, die hoop uitgespreek dat die dames aangename samewerking en 'n vrugbare dienstermyn sal ondervind.



Mnr. C. P. van der Walt.
*Foto*: Fotokuns.

# Twee veterane oorsee

**Twee veteraanlede van die Studenteraad, mnre. Kotie de Jager en Frans de Bruyn, het die onderskeiding te beurt geval om vanjaar houers van die Abe Bailey-reisbeurs na Brittanje te wees. Mnr. de Bruyn dien reeds vier jaar lank op die Studenteraad en mnr. de Jager drie jaar.**

Na afloop van die Abe Bailey-toer deur Brittanje, beplan die twee beurshouers 'n kort reis deur Europa. Hulle sal min of meer twee maande oorsee vertoef.

### ONDERVOORSITTER

Jacobus Johannes de Jager is die huidige ondervoorsitter van die plaaslike Studenteraad. Hierdie pos is deur die massa aan hom toegewys na twee jaar van toegewyde diens as S.S.B.-verteenwoordiger op die Studenteraad.

Mnr. de Jager is op 11 Junie 1939 in Bloemfontein gebore en het in 1956 op Ladybrand in die eerste klas gematrikuleer. In 1957 skryf hy aan die P.U. vir C.H.O. in en behaal in 1960 die B.A.-graad met Grieks en Hebreeus as hoofvakke. Tans is hy derdejaarstudent aan die Teologiese Skool.



Mnr. J. J. de Jager.
*Foto*: Fotokuns.

'n Goeie atleet en toegewyde lid van sy klub, het Kotie de Jager die atletiekklub help opbou tot wat dit vandag is. In hierdie sportsoort het hy dan ook beide Wes-Transvaalkleure en P.U.-erekleure verwerf.

### S.S.B.

Aan die einde van 1959 word mnr. de Jager verkies tot voorsitter van die S.S.B. en beklee hierdie pos twee jaar lank. Terselfdertyd dien hy as Studenteraadslid vanaf die S.S.B.

Ook op kulturele terrein het hy spore getrap en veral bekendheid verwerf as reisvader en Studenteraadsverteenwoordiger van die **Alabama Studenteorkes** in 1961.

Mnr. de Jager is reeds verkies as voorsitter van die Teologiese Studentevereniging en Praetor van die Teologiese Skool vir 1963

### REKORD

Frans Roelof Petrus de Bruyn het die onderskeiding behaal om vier agtereenvolgende jare op die Studenteraad te dien. Slegs mnr. Hennie van der Walt deel hierdie rekord met hom. Alvier hierdie jare was mnr. de Bruyn lid van die sekretariaat — die afgelope drie jaar sekretaris.

Mnr. de Bruyn is in 1938 op Sannieshof gebore en matrikuleer in 1956 aan die plaaslike Hoër Gimnasium. In 1960 behaal hy die B.A.-graad in Hebreeus en Wysbegeerte aan die P.U. vir C.H.O. Ook hy is tans 'n derdejaarstudent aan die Teologiese Skool.

### KULTUURMAN

Mnr. de Bruyn het waardevolle werk gedoen as kultuurman in ons studentelewe. Hy het gedien op die besture van die A.S.B. en A.B.K.K. en was vier jaar lank lid van die Alabama Studenteorkes. Sy aangename geaardheid en besliste optrede, was die oorsaak dat hy telkemale weer aangewys is as Studenteraadsverteenwoordiger van verskeie toergroepe.

Ook in interuniversitêre kringe het mnr. de Bruyn bekendheid verwerf. Hy het vier A.S.B.-kongresse bygewoon as afgevaardigde van die plaaslike A.S.B.-tak en was onlangs lid van 'n afvaardiging van die Studenteraad wat 'n welwillendheidsbesoek aan die Universiteitskollege van Zoeloeland gebring het.



Mnr. F. R. P. de Bruyn.
*Foto*: Fotokuns.

Ons hartlike gelukwense aan **hierdie twee ambassadeurs** van ons Universiteit en 'n voorspoedige en leersame reis **aan hulle** toegewens.



Ds. J. A. van Rooy ontvang 'n miniatuurvaandel van Korps V.V. van die destydse voorsitter, (nou ds.) Schalk Buys, tydens die vyf-en-sestigste verjaardag van hierdie vereniging waarvan ds. van Rooy die stigter was.

## Die Fakulteitskonferensie

Tesame met die kongres het ook weer die Fakulteitskonferensie plaasgevind. Die sentrale tema was „Die mens" en die tema is benader vanuit die Christelik-Nasionale grondslag van die A.S.B. Mnr. P. A. Venter het die P.U. verteenwoordig, en ook as voorsitter opgetree.

## Studentetoere

Dit is onmoontlik vir die A.S.B. om 'n private toermaatskappy te stig, het die kongres besluit.

Mnr. T. Delport, die vorige direkteur vir Toere, het oor die aangeleentheid verslag gedoen.

Blykens die verslag het reeds 35 persone aansoek gedoen om die 1962 — 1963 oorsese A.S.B. toer mee te maak.

Binnelandse toere is nie die afgelope jaar gereël nie, aangesien plaaslike toerliggame blykbaar in die behoefte voorsien.

### PROF. VAN ROOY ONTVANG CARNEGIE-TOEKENNING

Prof. H. C. van Rooy, hoof van die Departement Biblioteekkunde en Universiteitsbibliotekaris, het die Carnegie-toekenning ontvang om op die gebied van Biblioteekkunde navorsing te doen in die V.S.A. Hy sal van 30 Junie tot 31 Oktober 1962, afwesig wees.

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

# Ds. J. A. van Rooy oorlede

**Ds. J. A. van Rooy, in lewe die oudste lewende predikant van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, is verlede Saterdag in die ouderdom van 94 jaar in Potchefstroom oorlede. Ds. van Rooy, wat reeds dertig jaar gelede geëmeriteer is, het sy laaste jare aan huis van sy seun, prof. D. J. van Rooy, deurgebring, en was 'n bekende figuur op die Puk-campus.**

Met die afsterwe van ds. van Rooy is een van die laaste skakels met die stigters van die Gereformeerde Kerk verbreek. Ds. van Rooy was 'n skoonseun van prof. Dirk Postma, eerste predikant van hierdie kerk in Suid-Afrika. Hy is ook die enigste lewende predikant van die Gereformeerde Kerk wat reeds in die vorige eeu tot die bediening toegetree het.

### 1895

Jacobus Albertus van Rooy is in 1895 bevestig as leraar van die Gereformeerde Gemeente Postmasburg. In 1898 verskuif hy na die gemeentes Waterberg en Pietersburg en in 1905 na Bethulie waar hy arbei tot die aanvaarding van sy emeritaat in 1931.

Daarna het hy opgetree as Sekretaris - Penningmeester van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk tot in 1942.

### KORPS V.V.

In die eerste tydperk van ons studentelewe, te Burgersdorp, het ds. van Rooy diep spore getrap. As stigter en eerste voorsitter van die huidige Korps Vincent Veritas kan hy tereg beskou word as die vader van ons georganiseerde studentelewe.

Die redaksie van DIE GOUE KANDELAAR, blad van die Teologiese studente van ons Universiteit, het die voorreg gehad om in vanjaar se uitgawe 'n laaste artikel uit die pen van wyle ds. van Rooy te publiseer.

DIE WAPAD eer hiermee die nagedagtenis aan 'n groot man in die geskiedenis van ons Universiteit en studentelewe, en betuig sy meegevoel aan die kinders en familielede.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497

Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

**Wes-Transvaalse**

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**SUPERETTE**

**Tomstraat 100**
**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE, KOMBUISBENODIGDHEDE en GROENTE teen laer pryse.

Fleurette Bloemiste

Sleep in by:

*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*

Kerkstraat 143 — Telefoon 709

**AJAX**

**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458
Posbus 43
Kerkstraat 159, Potchefstroom

Lucille

die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp

**Onthou 3091**

Skakel hierdie nommer vir

**diens!**

**DIE BULT APTEEK**

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

die Wapad

# A.S.B. – Afrikaner-jeugleiers

Wanneer nou teruggeskou word op die veertiende Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond, lê dadelik voor die hand die duidelike krag van Afrikanerjeugleiers.

Daar heers vandag in die A.S.B. soos haas nooit tevore nie 'n eensgesindheid ten opsigte van die grondslag en doelstellings van die Bond. In hierdie eenheid was daar 'n ryke verskeidenheid van gedagtes oor die beplanning van die Afrikanertoekoms.

Die kongres het besin oor die Afrikaner en sy kulturele roeping en die Afrikaanse gedagte. Teen hierdie agtergrond poog die Afrikanerstudenteleiers vandag om die Afrikaanse gedagte bewustelik te stimuleer as 'n onoorwinlike krag wat God self in die Afrikaner gelê het om sy groot roeping te vervul.

Die kongres het weereens duidelik aan die lig gebring dat dit van die uiterste belang is dat in die vormende studentejare nie net kennis opgedoen word wat later vir land en volk nuttig kan wees nie, sowel as vir eie belang nie, maar dat ook belangstellings en karaktertrekke gekweek word, sowel as lojaliteite, wat leiers maak van mense wat andersins net lede van die samelewing of burgers van die Staat sou wees.

Die A.S.B. speel ten opsigte van hierdie kenmerke in ons land geen onbelangrike rol nie. Maar die A.S.B. bied ook in sy grondslag so 'n vastigheid aan sy lede dat hulle onbevrees en doelgerig daaruit kan put vir bedreiginge van die voortbestaan van die Afrikaner.

Wie terugkyk op die geskiedenis van die A.S.B. merk kragtige groei op. En wie na die toekoms kyk is met geesdrif vervul: Uit eenheid kom krag en oorwinning.

Dan moet die A.S.B. steeds getrou bly aan sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Dan kan die Afrikanerstudent steeds sonder vrees sy roeping vervul: Sy besondere roeping — wat daarin lê dat hy in Afrika en die wêreld steeds moet stelling innneem teen Kommunisme, imperialisme, liberalisme, kapitalisme en opgeruide anti-blanke Bantoe-animisme.

# Intervarsity!

18 AUGUSTUS 1962!

Weereens ons en U.O.V.S. — en hierdie keer op die Vrystaatstadion!

Intervarsity bly nog steeds die sporthoogtepunt van elke jaar. Net net vir die eerste rugbyspan wat uiteindelik die intervarsity beslis nie, maar vir elke span in elke sportsoort!

Dit beteken intensiewe voorbereiding in die afgelope tyd en veral vir die pawiljoensitters. Die erns hiervan was vanjaar duideliker ingeskerp in ons gedagtes, maar tog kan daar nog verbetering intree by die gekskeer en „gees skep" met lawaai tydens sing-songs.

Die twee dirigente het 'n moeilike taak — 'n taak wat baie tyd en harde werk verg, en ook geestesspanning meebring. Hierin het hulle die hulp van elke P.U.-kaner nodig.

P.U.-dirigente het nog altyd die volle ondersteuning van hulle massa gehad; vanjaar sal hulle dit weer hê — meer as ooit tevore!

Want met die bydrae van elke Puk gaan die Kovsies vanjaar op die pawiljoen net so 'n nederlaag ly as op die rugbyveld — en dit gaan groot wees!

Elke Puk gaan sy volle krag inwerp van nou af totdat die Intervarsity gewen is!



**Dit is die snit wat tel . . .**

★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1

## In U Lig

Teks: Lukas 9 : 23 „En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg."

VERLOËN, ken u die betekenis van hierdie woord? Ken u die eis van Christus dat ons onsself moet verloën?

VERLOËN, dit is wat Petrus met Jesus gedoen het: „Ek ken Hom nie . . . Ek is nie een van sy dissipels nie . . . ek was nie by Hom nie." (Joh. 18 : 17 en 27).

Dit is verloën, om jou op 'n afstand te plaas van hom met wie jy nog altyd saam was, om jou rug op hom te keer en te sê: *Ek ken jou nie!*

En SELFVERLOËNING? Dit is wat Jesus van u en my vra. Dit is om jou EK en sy begeertes te kruisig en aan jou harde en onbuigbare wil te sê: *Ek ken jou nie!*

Selfverloëning is dus SELFKRUISIGING. SELFVERLOËNING — die eis om vir die wêreld en sy begeerlikhede dood te wees maar vir Christus te lewe!

Hoe moet ons die kruisiging van die EK verstaan?

Christus is gekruisig. Daarvan is u en ek in staat om 'n goeie voorstelling van te maak: die heuwel Golgota, die kruis en Christus daaraan.

Maar my EK gekruisig?

Paulus sê in sy brief aan die Galasiërs: „Ek is met Christus gekruisig, ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." (Gal. 2 : 20).

Elders stel hy dit nog duideliker dat dit die OUE MENS is wat gekruisig word. (Rom. 6 : 8)

Die OUE MENS? Dit is die uitlewende verdorwenheid van die sonde in ons — die sondige afkerigheid van God.

Hierdie kruisiging van die EK is geestelik en bestaan uit 'n innige geloofsgemeenskap met Christus. Christus is die Hoof en die wat aan Hom behoort deur 'n waaragtige geloof is lede van sy liggaam.

Ons is een met Christus — ons het deel aan die kruisiging en aan die opstanding van Christus. Dit is nie net maar 'n belydenis sonder lewe nie, en ons ervaar dit in die daaglikse verbreking van ons sondige hart.

Hierdie sondige hart bly nog daar solank as wat ons in hierdie lewe is, maar as ons uit die geloof leef — regeer hierdie bose hart nie meer oor ons nie.

Om navolger van Christus te kan wees, beteken dus om SELFVERLOËNING in jou lewe toe te pas. Dit beteken dat die kruis sentraal in jou lewe moet staan. Dit eis 'n ten offer lê van dit waarmee die wêreld lok. Dit eis dat ons ons vreugde alleen in Christus sal soek.

Sonder die kruis, sonder selfverloëning, kan die gelowige geen gelowige wees nie. Daar is geen hoop om in die hiernamaals saam met Christus die kroon van oorwinning te dra, as ons nie geleer het om hier alreeds sy kruis te dra nie.

Die dra van die kruis doen ons nie in eie krag nie — maar alleen in Christus is ons tot alle dinge in staat.

Helaas, vandag is dit ook nie anders as in die tyd van Christus se omwandelings op aarde nie, dat Hy meer volgelinge het daar waar Hy die brode vermeerder as waar Hy die lydenskerk drink.

Meer volgelinge ook onder ons het as ons selfverloëning nie hoef toe te pas nie maar ons eie godsdiens kan reël.

Duisende roep HOSSANNA waar Christus as magtige Koning, as Heerser uitgeroep word met sy intog in Jerusalem — maar weinig is daar wat Hom vergesel as Hy die steil en moeisame weg na die kruis bewandel.

Baie wat Jesus volg as hulle daaruit voordeel kan trek en in aansien kan styg, maar hulle gaan ook maar bedroef weg as dit in hulle lewens net om Christus en Christus alleen moet gaan.

SELFVERLOËNING is geen blye boodskap vir die gierigheid as hy moet verneem: KRUISIG JOU EIE EK EN WEES MILDADIG nie!

Dit is ook geen blye boodskap vir die trotsaard om te verneem: KRUISIG JOU EIE EK EN WEES OOTMOEDIG nie!

Dit is ook geen blye boodskap vir die liefhebber van ydele prag en weelde om te verneem: KRUISIG JOU EIE EK EN LEEF STIL EN INGETOË nie!

Ewemin is dit aangenaam vir hom wat stil en ingetoë leef, wat nie op afstootlike wyse die vlees dien nie, wat tog so tevrede met sy godsdiens kan wees om te verneem: ook u moet u eiegeregtigheid aan die kruis spyker; u moet u verneder om saam met Tollenaars en sondaars alleen deur die kruis van Christus salig te word.

Maar aan die anderkant vrees u en ek om Christus volkome in die middelpunt van ons lewe te stel omdat dit te veel verset sal wakkerroep en ons dalk as ENG bestempel sal word en „alleen" te staan sal kom. Daarom plooi ons maar eerder ons beginsels so dat dit by die algemene opinie kon aanpas want alleen so kan ek die vinnigste populêr word!

Ons as gelowiges roep te min verset wakker uit ons woorde en dade, daarom ken ons ook so min die eervolle smaad van die kruis.

„Christus het Homself verneder en gehoorsaam gewees tot die dood toe, ja die dood van die kruis. Daarom het God Hom uitermatig verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo alle naam verhewe is" (Fil. 2 : 8 en 9).

Dit is ons krag, ons eer, ons roem! Dit ons beloning: 'n Ewige naam, 'n naam geskryf in die boek van die lewe as oor ons lewens geskrywe staan: *Selfverloëning* — dood vir die wêreld maar lewend vir Christus!

P. J. J. S. Enslin.

# Boodskap van die President

**„Die Afrikanerstudent moet steeds die regte gebruik maak van sy kanse om akademies gevorm te word. Hy moet besef dat hy daar is om te studeer. Terselfdertyd moet hy onthou dat hy Afrikaner is.**

„Hy moet as toekomstige leier 'n waardige draer van die Afrikaner se kultuur wees en ook 'n bouer aan die groter Afrikaanse kultuur van die toekoms. Binne die A.S.B. moet hy aan daardie toekoms bou."

So het die nuwe president van die A.S.B., mnr. D. A. S. Herbst, na sy verkiesing op Stellenbosch gesê.

Hy het vervolg dat daar vir die toekoms drie onafskeidbare dinge nodig is, nl. kennis, insig en werk. Dit is die sleutel tot die handhawing van die blanke beskawing van die suidpunt van Afrika.

As elke Afrikanerstudent dit sy erns maak, sal dit ook moontlik wees om groot vraagstukke met welslae aan te pak en op te los.

Die hoofsaak is egter dat die Afrikanerstudent steeds moet ondersoek of hy op die weg van God is. Moeilikhede in die lewe is 'n uitdaging. Dit is daar om oorwin te word en nie om 'n volk in fatalistiese willoosheid of in handewringende onmag te dompel nie.

Dit is vir 'n volk geen skande om alleen te staan nie, mits dit waarvoor hy staan, reg en verantwoordbaar is. Die Afrikanerstudent mag hom nooit isoleer van gebeure in Afrika en die res van die wêreld nie. Die oë mag nooit gesluit wees vir die kulture van ander volke nie, hoewel 'n slaafse navolging daarvan 'n teken van onoorspronklikheid sonu wees.

Hy het vervolg dat die A.S.B. nooit 'n naprater van die tydsgees mag wees nie. Vraagstukke moet aan 'n ewewigtige en gedissiplineerde studie en ondersoek onderwerp word.

Die Afrikanerstudent moet besef dat hy in 'n ernstige en gewigtige tyd lewe.

## A.S.B. HOOFBESTUUR

Die nuwe Hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond, wat by die kongres op Stellenbosch verkies is, is as volg saamgestel:

D. A. S. Herbst —
president (P.U. vir C.H.O.)

J. T. Delport —
onder-president en buitelandlandse betrekkinge (U.S.)

J. T. de Wet —
sekretaris (U.O.V.S.)

A. Pienaar —
Opvoeding (P.O.K.)

P. de Beer —
Toere (U.P.-Binnemuurs)

P. P. Kruger —
Kulturele Aangeleenthede (P.U.)

A. Roodt —
Studie en Navorsing (P.O.K.)

P. Strijdom —
Afrika-Aangeleenthede en Publikasies (U.P.-Buitemuurs)

F. Hanekom —
Rasseaangeleenthede (U.S.)



Mnr. P. P. Kruger.
*Foto*: Fotokuns.



Mnr. Marius Aucamp.
*Foto*: Fotokuns.

## A.S.P.U. GESTIG

Op die pasafgelope A.S.B.-kongres het 'n lang gekoesterde ideaal werklikheid geword met die stigting van die Afrikaanse Studentepersunie.

A.S.P.U. het tot stand gekom met die doel om die belange van die verskillende studentekoerante te behartig deur as 'n saamsnoerende band op te tree.

Die uiteindelike doel is die uitgee van 'n publikasie.

Die bestuur is soos volg saamgestel:

*Voorsitter*:
Mnr. S. E. D. Hofmeyr (U.P.-buitemuurs)

*Ondervoorsitter*:
Mnr. Marius Aucamp (P.U. vir C.H.O.)

*Sekretaris*:
Mnr. E. Lombaard (U.S.)

## PRESIDENSIËLE VERSLAG

„Die Afrikaners moet groter gesinne hê. Op hierdie gebied is ons besig om selfmoord te pleeg. Ons behoort ons gesinne te verdubbel", het mnr. D. van der Merwe, voormalige president van die A.S.B., in sy presidensiële rede gesê.

Die Afrikaner moet te alle tye sorg dat sy karakter behoue bly, veral in die stad.

Ook teen snobisme moet die Afrikaner waak. „'n Goeie straatveër is net so bruikbaar as 'n goeie minister."

Mnr. Van der Merwe het daarop gewys dat die Afrikanerstudent 'n groot verantwoordelikheid het ten opsigte van selfwerksaamheid. Die Afrikaner sal in die toekoms in 'n groot mate die werk wat die nie-blanke nou doen moet oorneem.

Hy het voorts verklaar dat die persentasie druipelinge aan die universiteite te hoog is. Te veel studentemateriaal gaan so verlore.

Die probleem begin al in die kleuterstadium en te min ure word op die skoolbanke deurgebring. Ook op universiteit kan die peil opgeskuif word. Baie van die dosente is dikwels nie genoeg bewus van hul opvoedingstaak nie.

Hy het ook gewys op die noodsaaklikheid van 'n sterk kapitaalfonds vir die A.S.B., waardeur dit meer sal kan verrig. 'n Beroep is gedoen op sakemanne, boere en oud-A.S.B. lede om die fonds te steun.

Die hegte eenheid wat daar tans onder die Afrikaanse studenteleiers bestaan, het hy gesê, is juis die krag van die A.S.B.

# AFRIKABELEID VAN DIE BOND

**Die kongres van die A.S.B. het die standpunt wat die hoofbestuur oor Afrika uitgewerk het, goedgekeur.**

Die beleid is kortliks dit: Die kontinent van Afrika het in die afgelope paar jaar groot veranderings belewe in die sin dat daar 'n verandering gekom het in die oriëntering van blank teenoor nie-blank en omgekeerd.

Op staatkundige gebied het dit tot gevolg gehad die onafhanklikheidswording van baie Afrikastate en 'n abdikering van die Westerse kolonialistiese moonthede. Daar was ook 'n nasionale ontwaking by die nie-blanke bevolking — hewige botsings het plaasgevind tussen blank en nie-blank en tussen nie-blank onderling.

Dit is vir die A.S.B. belangrik om kennis te dra van die veranderinge en om steeds inligting in die verband aan sy lede beskikbaar te stel, omdat dit ons as inwoners van Afrika regstreeks raak.

Die A.S.B. ontsê geen van die volke van Afrika bestaansreg en onafhanklikheid nie. Dit is egter belangrik om te onthou dat onafhanklikheid gepaard gaan met volwassenheid en verantwoordelikheid. Die bestuursvorm behoort aan te pas by die ontwikkelingspeil van die inwoners van 'n bepaalde gebied.

Getrou aan sy tuiskarakter, nl. dat die A.S.B. 'n Afrikaanse studentebond is, beplan die Bond nie op die huidige tydstip 'n fyn uitgewerkte aksieprogram vir Afrika nie.

Belangstelling in Afrika dien slegs om kennis in te samel van die verwikkelinge en om dit te gebruik in die uitbouing van die tuiskarakter.

## VERSLAE IN KAMERA

Twee verslae van hoofbestuurslede is op die afgelope kongres van die A.S.B. in kamera behandel. Na aanleiding van die verslag van die vorige onderpresident, P. Kapp, direkteur vir Buitelandse Betrekkinge, is besluit dat in onderhandelinge steeds met die grootste omsigtigheid te werk gegaan behoort te word.

Die taak van hierdie departement tans is primêr een van studie. Die studie is wyd van omvang en het nie net betrekking op studente-aangeleenthede nie.

Die vorige direkteur vir Rasse- aangeleenthede, mnr. D.A.S. Herbst, se verslag oor die vyf universiteitskolleges vir nie-blankes, is ook in komera behandel.

# Nusastakke aan Afrikaanse Inrigtings

Mnr. P. Strydom, die vorige direkteur vir Studie en Navorsing het oor die moontlike stigting van NUSAStakke aan Afrikaanse inrigtings gesê dat die A.S.B. vanweë sy grondslag 'n bond is vir Afrikaanse studente. Met affiliasie by die A.S.B. erken 'n S.R. die grondslag.

Wanneer 'n S.R. 'n tak van 'n andersoortige liggaam in sy gelede toelaat, impliseer dit 'n teenstrydigheid en word die grondslag van die A.S.B. geweld aangedoen.

Die aard van die A.S.B. moet verklaar word vanuit sy besondere grondslag. Sy eerste plig is teenoor die Afrikaner en die ontluiking van die tuiskarakter. Daarom moet die Bond positief werk en bou, maar ook deeglike kennis dra van dinge wat in die weg kan staan vir die bevordering van sy eie belange.

Die A.S.B. word begrens deur die feit dat sy lede studente is. Daarom moet die A.S.B. op akademiese vlak beweeg, maar so dat die studente toegerus word vir latere aktiewe deelname aan die lewe buite opvoedkundige inrigtings, het mnr. Strydom gesê.

# Peet Strijdom tree uit

Met die Kongres van die A.S.B. in Stellenbosch het mnr. P. D. F. (Peet) Strijdom, die tuig neergelê.

Mnr. Strijdom het die afgelope twee jaar die Puk op die Hoofbestuur as direkteur van Studie en Navorsing verteenwoordig.

In sy dienstermyn het mnr. Strijdom hom openbaar as 'n besondere harde werker. Met sy insig, kennis en besinning oor vraagstukke wat hulle aan die A.S.B. voorgedoen het, was mnr. Strijdom een van die kragfigure in die Hoofbestuur van die afgelope twee jaar.

Toe mnr. Strijdom in 1960 op die Hoofbestuur verkies is, was hy veral bekend vir 'n skitterende referaat oor Suid-Afrika se verdediging.

Op die Kongres van Bloemfontein verlede jaar, het hy uitgeblink en diep spore getrap vanweë sy indringende verslag oor die Kontakbeleid van die A.S.B.

„Die Kontakbeleid van die A.S.B. soos hy nou daar uitsien, is grotendeels die werk van mnr. Strijdom", het mnr. D. A. S. Herbst, die nuwe president van die A.S.B. in 'n onderhoud verklaar.

# Finansiële selfstandigheid vir die A.S.B.?

**Die moontlikheid van selfstandigwording van die A.S.B. is op die kongres deeglik bespreek.**

Die A.S.B. was in die verlede op Finansiële gebied in 'n groot mate deur die F.A.K. gedra. Die gedagte het by die Bond ontstaan om daadwerklik te werk in die rigting van finansiële onafhanklikheid om sodoende beter in staat te wees om te konsentreer op uitlewing van die grondslag. Vir die bereiking hiervan sal die volgende hoofbestuur aan 'n program in die rigting werk.

Die eerste oogmerk is die aanstelling van 'n voltydse organiseerder wat alle organisatoriese sake van die A.S.B. sal behartig. Die huidige organiseerder is eintlik 'n amptenaar van die F.A.K. en behartig sake van die A.S.B. op 'n deeltydse basis.

Die F.A.K. sal nie alle steun van die A.S.B. onttrek nie, maar sal nog ten opsigte van kantoor en tikster hulp verleen. „Hierdie stap is nie 'n miskenning van die hulp van die F.A.K. of 'n misgunning van die kant van die F.A.K. nie, maar 'n doelstelling in die beste belange van die A.S.B.", het die president gesê.

'n Verdere stap is die skepping van 'n kapitaalfonds wat belê sal word, sodat die rente daarop gebruik kan word vir die bestryding van alle A.S.B. onkostes.

Die vernaamste en eerste taak vir die voltydse organiseerder sal wees om die kapitaalfonds op 'n stewige grondslag te plaas. As moontlike datum vir die aanstelling van so 'n organiseerder word aan 1 Jan. 1963 gedink. Studente wat hul studie voltooi en wat belangstel, kan met die hoofkantoor van die A.S.B. in verbinding tree. Die salaris sal bereken word op dieselfde skaal as skale vir soortgelyke poste.

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**Transvalia Meubels**
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

# HANS AAN DIE WOORD



*Foto*: Fotokuns.

Hartlik gegroet, Pukke.

Die lekker tyd van student wees is weer hier! Die tyd wanneer die gees ons gryp en van ons regte studente maak. Dis om ons, dis in ons, dit is oral!! Dis Intervarsity!! Ons is jul bobaas, jul grootbaas! Dit is die Pukke wat so sing. Voel jy die koue rillings langs jou ruggraat afkruip? Swel jou bors van die trots? Is jou keel hees van die aanmoediging? Kyk daar, hy's deur! Daar trek die Pukspelers! My hare rys. My hart bons. My ore tuit. Dis *ons* Pukke wat daar speel. Dis *ons* Pukke wat daar sing. Dis *ons* wat van pure opgewondenheid opspring. Luister hoe skreeu hulle!!

Alle ander dinge in die Republiek is Saterdag ondergeskik aan hierdie tradisionele jaarlikse kragmeting. Nog nooit tevore was die Puk so oorgehaal om die Kovsies op hulle tuiswerf 'n loesing te gaan toedien as juis vanjaar nie. En dit sal ook gepas wees in hierdie jaar van die nuwe rugbytruie! Ja-nee, as die Puk Saterdag gaan saamjag gaan die hare waai en dit gaan definitief kathare wees, dit weet ek nou al.

Deur vir Boefie-woefie Porrtoors as dierasieleier te kies, het U.O.V.S. nou finaal bewys dat hulle nêrens meer standaardteenstand kan bied nie. Met hierdie stap het hulle ook sommer die taak van die S.P.C.A. oorgeneem. „Boofie" van die boewewêreld (of sal ek sê hondewêreld) se ore is ten einde raad met hakspelde teen sy kop vasgesteek en hy is onverwags verhef tot leier van die katte! Voorwaar 'n taak waarvoor hy glad nie opgewasse is nie! Ek hoop net nie hy raak ook so vervaard soos Ewie verlede jaar dat hy naderhand skoon die pipperellakoors kry nie! Daar waar ek vandaan kom het ons gereeld met die vaal-Petoorse geploeg en dan kon ons dit nie waag om hulle uit te span nie, dan vreet hulle die tuie op! Hy het nou regtig minder brein tussen sy ore as vet om sy elmboë.

Met hulle spannetjie het ek ook alle simpatie. Na Saterdag gaan hulle lyk soos katte wat uit wasmasjien kom. Piet Steinberg en sy span gaan sorg dat die telling hoog is en die wedstryd eensydig.

Laat hulle maar voortgaan met die ontruimingswerk van Vishuis en hulle ander plesiere, Saterdag sal hulle wreed tot die ontnugtering gebring word dat hulle nog lank in die moeras van maer jare vasgeval gaan lê. Die Puk het nou die kuns agtergekom hoe om Intervarsity te wen en wyk nie! Ons moet maar duimvashou dat hulle hele ou Universiteitstadjie nie verlate is teen 18 Augustus nie. Die ou plekkie laat my in elke geval nog altyd dink aan 'n woestynlandskap waar atoombomtoetse uitgevoer word. Net goed vir meerkatte.

Pukke laat ons Saterdag weer tot groot hoogtes uitstyg met ons sang en spel. Gee ons u ondersteuning en ek en Jan lewer ons beste. Sonder die massa se medewerking is die dirigent magteloos.

Mag Saterdag weer gesonde mededinging en studentegees oplewer. Laat ons U.O.V.S. daarin 'n voorbeeld stel en hulle die hand reik in die uur van ons grootste triomf.

Hans van Zyl.

## P.U.K.-Skaakspan Gunstelinge

Die P.U.-skaakspan, wat baie goed gevaar het tydens die A.S.B.-kunsfees, behoort skoonskip te maak in hulle intervarsitywedstryde Vrydag. Charlie Koen is weer terug as nommer eenspeler en gaan twee waardevolle punte vir sy span insamel. Die span het goeie ondervinding opgedoen wat hulle nuttig te pas sal kom.

## Korfbal sluit af

Die ligawedstryde van die eerste Korfbalspan het verlede Saterdag afgesluit. Die span spits hulle nou toe op Netbal met die oog op Intervarsity. Die tweede span moet nog een wedstryd teen Potch. Dorp speel.

Die Pukspanne kon vanjaar nie daarin slaag om Pote se besondere sterk spanne te klop nie. Al die speelsters van Pote se eerste span het vanjaar vir Wes-Transvaal A gespeel. Hulle het dan ook die Puk se eerste span



Alta de Kock.
*Foto*: Fotokuns.

met 72 — 47 oorrompel. In die eerste helfte het die twee spanne goed teen mekaar opgeweeg. Eers in die tweede helfte het die Pote se vernuf en ervaring getel.

### WES-TRANSVAAL

Van die Puk-speelsters het Johanna Pretorius en Alta de Kock die onderskeiding behaal om onderskeidelik vir Wes-Transvaal A en B te speel.

Die eerste Saterdag na Intervarsity gaan daar 'n vriendskaplike wedstryd teen Pretoria-Normaal in Pretoria gespeel word.

## Judo Nuweling

Die nuweling op die Intervarsity vanjaar is judo. Die Puk het al 'n gevestigde klub, terwyl Kovsies so pas met hierdie sportsoort begin het. Die Potchefstromers behoort dus maklik te wen, veral waar hulle goeie welslae behaal het op die interuniversitêre toernooi.

Manne soos André Greeff (blou gordel) en Willie van Aarde (groen) behoort geen teenstand te ondervind nie.

### DAMESHOKKIE STERK

Die Dameshokkiespan van die Puk het vanjaar weer 'n derde plek op die interuniversitêre toernooi behaal en behoort geen moeite te ondervind om hulle intervarsity-teenstanders te klop nie.

Margaretha Bingle, Estie Martins en Rina Bierman gaan net te veel wees vir die Kovsies. Hierdie puik wedstryd sal weer 'n gewilde item op die intervarsity-program wees.

## NETBAL

Volgens rotasie, speel die Puk vanjaar weer netbal teen U.O.V.S. Hoewel dit 'n onbekende spel vir die Pukdames se korfbalspeelsters is, het die saamgestelde span onder leiding van Susan Kruger 'n paar oefenwedstryde agter die rug waarin hulle nie te sleg gevaar het nie. Kovsies kan dalk 'n verrassing op die lyf loop!

### OOSTHUIZEN EN CRONJE SPOOK TAFELTENNIS UIT

Soos verlede jaar die geval was, gaan die uitslag van die Tafeltennis weer vanjaar bepaal word deur die spel van Faan Oosthuizen (P.U.) en Ewie Cronje, U.O.V.S. se voormalige dirigent.

Die mansspan van Vrystaat is sterk, en veral met die proefneming van Kobie Viljoen in die eerstespan, kan die Pukke swaar lewe. Viljoen is egter 'n puik speler en gaan nog 'n hele paar jaar vir die Puk speel. Hierdie Intervarsity kan hom sy plek in die eerste span verseker.

Die dames behoort te wen, aangesien hulle feitlik dieselfde span as verlede jaar in die veld stoot.

## Piet Steinberg gesels

Geagte Mede-Pukke,

Die paar woorde word nie bedoel om as propaganda te dien nie: propaganda vir intervarsity! Ons weet u sien almal daarna uit om te gaan deelneem en om u Alma Mater te gaan ondersteun waar u kan.

Pukke, dit is weer intervarsity! Die dag waarop ons al ons kommer en sorge vergeet om te geniet wat alleen 'n student se voorreg is. Dit is dié dag in 'n



Piet Steinberg.
*Foto*: Fotokuns.

student se lewe wat maar een maal 'n jaar gebeur. Kom, Pukke, laat ons die beste daarvan maak en die intervarsity van 1962 altyd laat uitstaan as 'n glanspunt in ons studentelewe.

Namens die sportmanne en -vroue van ons Universiteit wil ek vir u wat na Bloemfontein gaan om te ondersteun en te geniet, sê baie dankie. Ons waardeer dit! Ons gaan u nie teleurstel nie.

Die Kovsies is vanjaar gashere en daarom gaan ons teenoor hulle optree soos dit gaste pas. Dit wil sê ons gaan net soos ware Pukke optree as gesante van ons geliefde Universiteit — alleen met groot waardigheid. Laat dit so wees en dit sal met ons wel gaan.

Mooi loop, Pukkies!
Lekker Intervarsity hou!
Pasop vir die KATTE, maar ons wil darem by voorbaat laat weet:
„Hier kom die Pukkies weer"!

Piet Steinberg.
Voorsitter, S.S.B.


**Joubert Meubels**
KERKSTRAAT 201 — POTCHEFSTROOM — TELEFOON 21
VIR MODERNE MEUBELS EN ALLE HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste plaatopnames — Kom besigtig ons groot reeks.

LEES ELKE WEEK . . .
Potchefstroom HERALD
★ Volledige plaaslike nuus
★ Sportverslae
★ Universiteitsnuus
★ FLIEKNUUS
ORAL VERKRYGBAAR

# P.U.-TENNISSPAN SLAAN AL HARDER

**Die eerste manstennisspan het die afgelope vakansie 'n baie geslaagde toer na Durban gehad, waar hulle aan die jaarlikse interuniversitêre tenniskampioenskappe deelgeneem het.**

Hoewel ons raketswaaiers laaste geëindig het, kan gesê word dat die gehalte van ons tennis mooi vooruitgegaan het. Die peil op hierdie kampioenskappe is altyd besonder hoog. In Durban het Ray Weedon van Wits gespeel en hy het reeds Suid-Afrika in die Davisbekerkompetisie verteenwoordig; Dave Phillips van Natal word beskou as die beste van die jongeres en 'n sekere keuse vir springbok volgende jaar. Hy het ook vir Weedon redelik maklik geklop. 'n Mens kan voortgaan om Tony Hagan te noem van Kaapstad, wat W.P.-kampioen is. Hierby moet onthou word dat 'n span uit vier spelers bestaan en die verskil tussen baie universiteite se spelers is maar gering. So het bv. Rhodes se tweede speler bo hul erkende eerste, Protea-kleure gekry.



Pieter van der Walt.

Wat het die PUK spelers nodig?

Wedstrydtemperament, wedstrydervaring, konsentrasie en balkontrole. Toernooie van hierdie aard is die beste medisyne hiervoor. Ons het juis goeie kontakte gemaak met spelers van ons buuruniversiteite. Toe hulle so moes sukkel om ons onder die knie te kry, het hulle gesê dat Pukland wel die spelers het wat die ander Universiteite sal kan opdreun, maar hulle wil ons help. Wits-spelers het gesê: skryf aan ons en ons reël onderling toernooie. Ons kom 'n keer oor en dan kom julle weer. Op hierdie wyse gaan daar volgende jaar iets gebeur by die kampioenskappe. Kom ons leer mekaar en ons laat ons leer. Die gees is daar asook die entoesiasme.

Weereens moet melding gemaak word van Dawie du Plessis, die veteraantennisspeler van P.U. Dawie het hierdie jaar getoon dat hy die beste enkelspeler is in Wes-Transvaal en het toe voortgegaan om van die bestes in die land opdraens te gee. Op die toernooi het hy baie goed gepresteer en moes selfs nog beter gevaar het. Soms kan 'n mens mos net nie die laaste punt beklink nie. Dit is baie jammer dat hy Protea-kleure misgeloop het, net omdat hy nie nog een oorwinning — en die was binne sy bereik — op sy kerfstok kon plaas nie. Dawie is toe gekies as eerste reserwe. Nog net eenmaal het 'n PUK hierdie span van al die universiteite gehaal, maar ons wil Dawie gelukwens met hierdie naelskraapse prestasie.

Die res van die span het bestaan uit Pieter van der Walt, Willem Vorster, Gerhard Scholtemeyer en Tienie Nel. Onder bestuurderskap van Prof. S. P. van der Walt het hierdie manne geswoeg vir elke punt.

# Jukskei weer daar

Vir die eerste keer in die afgelope aantal jare sal die Jukskeiklub Saterdag aan die Intervarsity deelneem. Hierdie manne gaan egter swaar leef met Springbok Fourie in die Kovsiespan.

Jerry van Vuuren, Die Welman-broers en Tjaart van der Walt ken egter hulle skeie en as die ander Kovsiespelers nie baie sterk is nie, gaan die Puk hulle klop.

# LICHTENBURG 19 PUK 11

**In 'n wedstryd waarin die Puk baie goed begin het en wat baie aanskoulike rugby opgelewer het, moes Piet Steinberg en sy makkers tevrede wees om met 11 punte teenoor 19 die aftog te blaas teen Lichtenburg.**

Die Puk het in die eerste helfte deurgaans soos die wenspan gelyk en die eerste punte vir die Puk het dan ook in die eerste minuut van die wedstryd gekom toe Schalk Hoogenboezem met 'n strafdoel geslaag het.

Hierna het Lichtenburg verwoed aangeval en is hulle beloon met 'n onvervyfde drie, wat onmiddellik opgevolg is met 'n drie deur Tjaart Steyn na 'n mooi breekslag deur Kobie van der Walt. Schalk Hoogenboezem kon nie vervyf nie en die rustydtelling was 11 — 3 in die Puk se guns.

Bulletjie de Beer het na rustyd meer en meer vaskoppe gehak, maar andersins wou dinge nie vir die Puk reg verloop nie. Lichtenburg het in die lynstane en los begin oorheers, sodat hulle nog twee doele, 'n drie en 'n strafdoel aangeteken het.

Kobie van der Walt, B. Badenhorst en Karl Grundlingh het goed vertoon, terwyl Tjaart Steyn die wedstryd van sy lewe gespeel het.

# WARM UIT DIE OOND OP DIE CAMPUS

**Dit lyk of hier meer dinge op die Campus aangaan gedurende die vakansies as wanneer hier studente is, want toe ons nou die dag hier aanland was dit net die bekende gesigte van die proffies wat 'n mens laat seker voel het dat jy weer op die regte plek is. Die Campus self het vreemd en onbekend gelyk.**

Ek praat nou van hierdie borselkop-boomstyl wat die campus gekry het. Ek het nie geweet prof. Bossie en oom Schoonhoven is sulke groot pêlle nie! Miskien is dit darem maar net die Tegniese Departement se idee van hoe hulle ons kan help om die Kovsies beter te sien en makliker te kan vang. Die eintlike klag waarop die bome tereg gestel is, is glo dat dit die paaie en geboue oplig, maar as 'n „Caterpillar" met 'n bekwame ruiter dit nou nie eers kan doen nie, dan wonder ek of die bome skuldig is.

Dalk is dit ook gedoen n.a.v. die brief wat verlede kwartaal in „Die Wapad" verskyn het i.v.m. die skaarste aan sleepplek. Nou is daar darem stompe vir die slepers. Stel u voor hoe die pare in die aande „rush" om die beste lig in die hande te kry?!

Is dit nou nog vir u 'n raaisel dat die studente *stompsigtig* is? Nee, nou is die studente al so stompsigtig dat die mans klippe in hul broeksakke ronddra, terwyl die dames glo spook om 'n kêttieklub onder patronaatskap van die S.S.B. te kry.

Boonop het ek ook nog verneem dat die honde in dieselfde verontwaardigheid deel. Ek weet nie presies waarom hulle juis kwaad is nie — seker nie skaduwee om in te slaap nie.

### KORRESPONDENSIE

Intervarsity is op ons en almal vang gees daarvoor. Almal hou sing-songs en sleep, en die enigste wat hierdie week nog op die Puk leer is sykouse.

Tenspyte van hierdie hoë gees het ek 'n rukkie terug die volgende kras en uitgesproke brief ontvang van 'n naamlose skrywer. Laat ek net sê dat dit werklike korrespondensie is, en blykbaar van 'n Puk self. Hy rig dit teen die slepers en voel soos volg daaroor:

'N OPE BRIEF AAN 'N SWAKKELING

Klubgebou in die Berge.
Ver van hier.
Waar stilte heers,
Sleeptyd.

Geagte Oom Lokomotief,

Laat die gekysdes lees wat ek nou aan elkeen van hulle sê: Ek rig hierdie skrywe aan u om my innige medelye met u kys uit te spreek. Dit het my tot groot droefheid gestem om te verneem van u afdaling tot die gewoontes van die alledaagse menslike spesie.

Nog altyd het u die idee gegee van verhewe te wees bo sulke kleinlikhede. Hierdie stap gaan my hart te bowe.

Volgens my beskeie mening het u deur genoemde stap nie alleen u self nie; maar ook die lede van die klub van die Enkeling verraai, en nie alleen verraai nie, maar ook in 'n baie ongunstige en verspotte lig by die publiek gestel. U naam sal in die anale van die klub opgeteken staan as verloënaar van u eie onafhanklikheid en die klub se eerbare beginsels. Op u sal neergesien word deur ons sowel as deur die ondersteuners van ons logiese en eerbare doelstellings.

U sal voortdurend op vlug wees, u sal 'n soeker word, 'n soeker na veiligheid wat u vertrap, versmaai, verloën, verraai en verfoei het. U dra 'n merk wat tot gevolg sal hê dat u gehoon, gesmaad, gejaag, gespot, geskop en geslaan sal word deur u medemens, sodat daar nie rus, vrede, geluk, stilte, kalmte vir u siel sal wees nie, totdat u, waar u ook mag wees op land, see of in en vrese te maak deur u eie onnuttige en niks werd lewe te neem.

Ek wens u toe al die leiding, smart, vrees, pyn, ongeluk, verdriet, wat denkbaar, verwagbaar en rugbaar is.

Die Groot Enkeling.

Hierdie brief is eg, lesers en ek skat dat dit van 'n man afkomstig is, volgens die handskrif. Ek staan self neutraal teenoor die houding, maar wonder wat die ander so in die stilligheid of hardop daaroor dink.

● Die brief laat my aan die Kommunisme dink: hulle leer jou om dinge te haat wat jy liefhet. Onze Oom Lokomotief.



Piet Bingle.
*Foto*: Fotokuns.

# PIET BINGLE SPEEL W.T.

Piet Bingle (haker), Johan van der Schyff (senter) en Koos du Plooy (reisende reserwe) was gekies vir die Wes-Transvaalspan wat Saterdag teen Vrystaat gespeel het.

Na die onttrekking van van der Schyff, was Bingle die enigste Pukspeler wat sy provinsie verteenwoordig het. Hy het sy plek dan ook volgestaan en self 'n drie aangeteken.

Op hierdie stadium het vier Pukke reeds vanjaar die rooi-en-groen trui oor die kop getrek, naamlik Johan van der Schyff, Eddie van der Westhuizen, Koos du Plooy en Piet Bingle.



Intervarsity!

# EERSTESPAN MOET WEN

**Vooruitsig goed**

**Wanneer die twee eersterugbyspanne van Puk en Kovsies Saterdag op Vrystaat-stadion aanmekaarspring, het die Pukke die voorsprong dat hulle verlede jaar gewen het en nie veel van hulle spelers verloor het nie.**

Die gevaar bestaan egter altyd dat 'n span wat 'n nederlaag het om te wreek meer desperaat sal speel as ooit tevore en na vier soete jare van oorwinning, was die Kovsies se nederlaag verlede jaar groot.

Die Pukspan, wat gedurende Julie 'n geslaagde toer deur Natal en Wes-Kaapland onderneem het, het 'n goeie spangees opgebou en behoort as span goed te vaar. Ongelukkig word hulle nog steeds, soos dwarsdeur die seisoen die geval was, deur beserings in die wiele gery.

## VOOROSSE STEWIG

Die Puk beskik vanjaar oor 'n besondere swaar pak voorspelers. In hierdie afdeling van die spel sal U.O.V.S. hulle druk en spring moet ken, maar die vaste voorspelers van Puk moet leer om die lynstane toe te maak, anders kan dinge skeef loop.

*Piet Bingle* se haakvoet staan reg en langs hom sal *Pottie Potgieter* en *Badie Badenhorst* (van Suid-Afrikaanse Universiteite -faam) moeilik grond toe gedruk word.



Koos Hattingh

*Herman Venter* is 'n ou veteraan wat hoog rank in die lynstane en met die nodige ondersteuning die bal dikwels genoeg aan sy skrumskakel sal besorg.

*Piet Steinberg* is 'n veteraan wat al ses intervarsities agter die rug het en as kaptein gou sy teenstanders se taktiek behoort op te som.

Puk se losvoorspelers is swaar en beskik nogtans oor die nodige spoed. *Koos Hattingh* is die regte man om hom hier by te staan. Hierdie beweeglike voorspeler is 'n uitblinker in die losspel en kan maklik met kaptein Piet Steinberg omruil indien nodig.

Saam met hom kan Koos du Plessis maklik U.O.V.S. se skakelpaar tem. Op agsteman het *Koos du Plooy* homself vanjaar bewys. Sy spoed en knap hantering, asook sy vermoë om 'n man met bal en al grond toe te bring, gaan die Kovsies duur te staan kom.



Carel Grundlingh.

## GRUNDLINGH

Vir die eerste keer in jare beskik die Puk vanjaar oor 'n skakelpaar wat hulle teenstanders grys hare besorg. *Carel Grundlingh* is weer fiks na sy beenbesering en met hierdie rugbybrein kan kovsies nie die kleinste gaping bekostig nie. Grundlingh gaan hulle doodsteek wees en die spil waarom die wedstryd gaan draai. *Kobie van der Walt* is 'n puik skrumskakel wat vinnig skoonmaak en individueel slim dinge aanvang. Met sy goeie diens gaan die Puk-agterlyn beweeglik wees.

Die van der Schyff-broers word nog gepla deur beserings, en dit kan aangeneem word dat net een van hulle Saterdag sal speel. *Tjaart Steyn* is egter 'n goeie plaasvervanger en 'n senter wat self besig is om na provinsiale standaard te styg. Dit sal jammer wees as hierdie dodelike verdediger nie sy plek in die span kry nie. Beide *Johan en Piet van der Schyff* beskik oor die slaankrag en met Steyn daar om die gapings te slaan, gaan die Vrystaatse senters baie keerwerk hê.



Piet van der Schyff.

*Foto*: Fotokuns.

## SPOED

Die vleuels sal met Gert Cilliers te kampe hê. *Johan Serfontein* en *van der Westhuizen* kan egter beide onder 'n man inseil as dit nodig is. Hierdie manne se krag lê egter in hulle spoed en altwee kan om hulle teenstander hardloop as die bal gou genoeg by die vleuels besorg word.

Op heelagter sal *Schalk Hoogenboezem* die beseerde Pieter de Villiers vervang. Hoogenboezem is 'n ervare speler en behoort nie sy span in die steek te laat nie. Sy skopskoen kan baie punte vir die Puk werd wees.

Niemand waag graag 'n voorspelling met 'n intervarsity-uitslag nie. Tog behoort die Puk bo uit te kom — as die spelers almal *fiks* is. Met intervarisity verrig elke man in elk geval baie meer as sy deel.



Koos du Plooy

*Foto*: Fotokuns.

# Hokkiespan moet rekening betaal

**Die Manshokkiespan van die Puk het 'n rekening om te vereffen wanneer hulle Saterdag teen U.O.V.S. op die baan draf. Op die toernooi moes hulle met 3 — 2 die onderspit delf.**

Saterdag draf die Pukspan vir die eerste keer hierdie seisoen op volle sterkte op die baan. Met 'n paar posisionele veranderings wat aangebring is, kan Kovsies hulle gereedmaak vir 'n verrassing.

## LAASTE WEDSTRYD

Na nege jaar van diens, speel Christi Coetzee sy laaste wedstryd vir die Universiteit. Hy sal dan ook die brein van die span wees, en as Kovsies hierdie knap speler kan kortwiek, het hulle die wedstryd gewen. Bossie Snyman is 'n baie beter skakel as voorlynspeler en saam met Coetzee hou hy gevaar in vir die opponente.



Christie Coetzee.



Jan Ras

Kaptein Jan Ras, wat nou verskuif is na regtervleuel, is iemand wat raak korrel as hy die bal kas toe jaag en sal die Vrystaters se doelwagter laat bontstaan.

As span het die hokkiemanne baie geleer op die toernooi en hierdie ondervinding gaan Saterdag in hulle guns tel.

## 0/19s KLOP WEERMAG EN LANDBOU KOLLEGE.

Die jongspan van die Puk het in hulle laaste twee wedstryde amok gemaak deur Landbou Kollege en Weermag onderskeidelik met 18 — 0 en 21 — 3 te wen.

Teen Weermag het Micheal Rossouw, wat steeds beter en beter vertoon, nie minder as drie Drieë gedruk nie. Ander uitblinkers in die wedstryde was Jona Viljoen en Du Pisani.

## HOU TENNISSPANNE DOP

Dawie du Plessis, Willem Vorster en Pieter van der Walt het vanjaar baie wedstryd oefening gekry en hulle spel is op die oomblik hoog op standaard. Met Nic Botha terug om hulle gelede te versterk, kan hierdie span die Kovsies skrikmaak.

Die dames het nie vanjaar aan die Interuniversitêre toernooi deelgeneem nie, en hulle sal hard moet spook om die mas op te kom.

Verrassings is egter nie uitgesluit nie.


**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A